**Die Here Jesus het waarlik gesterf**

**Joh 19:30-42**

**12 April 2026**

1. Vantevore: Die Here Jesus is gekruisig as ware Koning en as ware Hoëpriester. Hy het die drie probleme wat sedert die sondeval bestaan het, aangespreek: (1) die duiwel oorwin, (2) geregtigheid vir gelowiges se sondeskuld bewerk, (3) het die bron van lewende water geword wat tot die ewige lewe lei - dood oorwin. Dit was toe dat Hy gesê het: "Dit is vobring!" Hy het ook gesê: "Ek is dors" – Hy het daarna gesmag om by Sy Vader te wees.
2. Die Here Jesus het self besluit wanneer om te sterf (Joh 19:30)
    a. In lyn met die volmag wat Hy van die Vader ontvang het (vgl Joh 10:18)
    b. Sy liggaam het aan die kruis bly hang, maar Sy Gees is na Sy Vader in die hemel (vgl Luk 23:46)
3. Gebeure wat die dood van die Here Jesus bevestig (Joh 19:31-37)
    a. Die Jode wou dat die liggame voor die sabbat van die kruis verwyder word (Deut 21:22-23) – vra dat die gekruisgdes se bene gebreek word (v31)
    b. Die soldate het verstaan die Here Jesus was reeds dood (v32-33)
        i. Sy dood was nie fisies bepaal nie, eerder 'n persoonlike bewustelike besluit
    c. Een soldaat steek die Here Jesus se sy, en bloed en water vloei daaruit (v34)
        i. Definitief was die Here Jesus nou dood – as iemand nog getwyfel het...
        ii. Bloed – teken van regverdigmaking (vgl Joh 6:53-54, 1 Joh 1:7)
        iii. Water – teken van heiligmaking deur Heilige Gees (vgl Joh 4:14, 7:38-39)
    d. Johannes was ooggetuie en getuig hiervan sodat ons as lesers kan glo (v35)
        i. Doel van getuienis = doel van Johannes-evangelie (vgl Joh 20:31)
        ii. Johannes noem nie die getuie se naam nie
        iii. Johannes was by die kruis (v26)
        iv. Johannes was getuie van die heerlikheid van die Here Jesus (vgl Joh 1:14)
    e. Vervulling van Ou Testamentiese uitsprake:
        i. Soos die paaslam is die Here Jesus se bene nie gebreek nie (vgl Eks 12:46, Num 9:12)
        ii. Jode sou treur oor die een wat hulle deurboor het (vgl Sag 12:10b)
4. Die begrafnis van die Here Jesus (Joh 19:38-42)
    a. Josef van Arimatea tree na vore en vra die Here Jesus se liggaam (v38)
    b. Nikodemus tree na vore, voorsien baie mirre en speserye – soos vir 'n koning (v39)
    c. Liggaam is met speserye styf in doeke toegedraai en in nuwe graf neergelê (v40-42)
    d. Begrafnis soos vir 'n koning in 'n nuwe graf
5. Die Here Jesus was op die Sabbatdag in die graf (Joh 19:31,42)
    a. Sy liggaam was op die Sabbat in die graf, en Sy Gees by Sy Vader (v31, 42, Joh 20:1)
    b. Sabbatdag is ingestel toe die Here God se skeppingswerk klaar was (Gen 2:1-3)
    c. Motivering vir 4de gebod in Eks 20: God se skeppingswerk was klaar
    d. Motivering vir 4de gebod in Deut 5: God se verlossingswerk
    e. Verlossingswerk aan die kruis, was klaar ("Dit is volbring") – toe rus Hy op sabbatdag
    f. Jesus het Sy vyand, die duiwel, oorwin – toe rus Hy (vgl Deut 12:10, Jos 11:23, 2 Sam 7:1)
    g. Daar is steeds rus vir die gelowiges – om te rus van hulle skeppingsopdragte, wanneer dit klaar is (Heb 4:8-11)
    h. Gelowiges ontvang die rus wanneer hulle sterf – soos die Here Jesus (Op 14:11-13)